ADJUVANT

Aqua-Right® Reeks

Reg. No. L6205, L6896, L6895 Act No. 36 of 1947

'n Wateroplosbare buffer en nie-ioniese benatter byvoegmiddel vir spesifieke gebruik met landbouchemiese middels wat 'n spesieke pH spuitoplossing benodig vir optimale werking.

Wat is Aqua-Right®:

- Die **Aqua-Right® reeks** byvoegmiddels is wateroplosbare buffers vir spesifieke gebruik met landbouchemiese middels wat 'n pH rondom **3**, **5** of **7** spuitoplossing benodig vir optimale werking.
- **Aqua-Right®** buffers bevat ook 'n benatter en herbevogtiger.
- Water is die primêre draer van landbouchemiese middels op gewasse en waterkwaliteit is grootliks verantwoordelik vir die effektiwiteit van baie landbouchemiese produkte.

Voordele van die Aqua-Right® Reeks:

- **Aqua-Right® 3, 5** en **7** is ware buffers. 'n Ware buffer stabiliseer die pH by 'n verlangde waarde en weerstaan verdere versuring na ongewensde lae vlakke indien meer buffer bygevoeg word.
- **Aqua-Right® 3, 5** en **7** skep 'n stabiele omgewing, rondom die gekose pH waarde, vir die landbouchemiese middel in gebruik.
- **Aqua-Right® 3, 5** en **7** voorkom alkaliese hidrolise van landbchemiese middels en verleng daardeur die halfleeftyd van landbouchemiese middels in spuitmengsels.
- **Aqua-Right® 3, 5** en **7** bevat nie-ioniese benatter om bedekking op die teikenoppervlak te verhoog. Dit verbeter ook opname van sistemiese landboumiddels.
- **Aqua-Right® 3** en **5** bevat 'n herbevogtiger wat verdamping van druppels vertraag en opname van sistemiese landboumiddels bevorder.
- **Aqua-Right® 3** en **5** verminder antagonisme van die landboumiddel(s) teenoor opgeloste soute in die spuitwater wat die effektiwiteit van die chemiese middels kan verlaag.

Hoe om die Aqua-Right® Reeks te gebruik:

- Die **Aqua-Right® reeks** se dosisse word bepaal deur die aanvanklike kwaliteit van die water. Die kwaliteit van water wat vir bespuitings gebruik word kan krities wees om beste resultate van spuitmiddels te verseker.
- **Aqua-Right®** buffers word altyd eerste in die tenk gevoeg, voor die plaagdoders.
- Verwys altyd na die etikette van al die produkte wat in tenkmengsel met enige **Aqua-Right®** byvoegmiddel gebruik word.

Waar word die Aqua-Right® Reeks gebruik:

- Gebruik **Aqua-Right® 3** waar plaagdoders 'n baie lae pH vereis (bv. Ag-Tap) of met plaagdoders wat 'n suur pH benodig waar die water hoë vlakke bikarbonaatsoute bevat (hoë bufferkapasiteit).
- Gebruik **Aqua-Right® 5** met plaagdoders of voedingstowwe wat 'n lae pH rondom 4.5 – 6.0 benodig (bv. piretroïed insekdoders).
- Gebruik **Aqua-Right® 7** waar produkte 'n neutrale pH benodig (bv. koper swamdoders of sulfonielureum onkdruiddoders).

	Dosis: mℓ /100ℓ water		
Waterkwaliteit pH	**Aqua-Right® 7**	**Aqua-Right® 5**	**Aqua-Right® 3**
4-5	150 mℓ	50 – 75 mℓ	50 – 75 mℓ
5-6	100 mℓ		
6-7	50 mℓ		
7-8	50 mℓ	75 – 100 mℓ	150-250 mℓ
>8	100 mℓ	150 – 250 mℓ	

***Sien etiket vir verdere inligting en instruksies.**

www.rolfesagri.co.za

Rolfes Agri (Pty) Ltd (Reg. No. 1998/013411/07)
288 Mundt Street, Waltloo, Pretoria
Tel: (012) 803-0145 • Fax: (012) 803-8418